SKILPAD OP DIE TEERPAD

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Nic Tredoux

Kyk hoe loop die skilpad, kyk hoe loop die skilpad,
Kyk hoe loop die skilpad
So uitnek oor die teerpad
Hoe...hoekom loop die skilpad
Hoekom loop die skilpad
So haastig oor die swartpad
Hoe...hoekom loop die skilpad
Hoekom loop die skilpad
So haastig oor die swartpad

Nee, dis nie die hitte, hitte van die brandpad
Nee, dis nie die hitte wat hom so laat hoogtrap
Ook nie die rooipenswyfie
Wyfie wat hom inwag anderkant die teerpad
Ook nie die rooipenswyfie
Wyfie wat hom inwag anderkant die teerpad

Ook nie dat hy ligloop,
Ligloop vir die karre
Ook nie dat hy ligloop
Vir die karre wat hom ja

Nee, hier's 'n ding wat neuk ja, hier's 'n ding wat jeuk, ja
Wat hom oor die pad ja
Nee, hier's 'n ding wat kwaai pla
Hier's 'n ding wat têre
Hy't 'n bosluis in sy stêre

Bosluis byt vir skilpad, dié dat hy so hoogtrap
Skilpad jy moet hoogtrap, anders gaat jou doppie klap
Kyk hoe loop die skilpad,
Kyk hoe loop die skilpad
Kyk hoe loop die skilpad
Met sy bosluis oor die teerpad